HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

BELEID: TAAL

Inhoud

TAALBELEID....2

1. INLEIDING....2
2. FAKTORE IN AG GENEEM....2
3. TAALBELEID....2
4. DIE TAAL VAN ONDERRIG....2
5. TALE WAT AS VAK AANGEBIED WORD....3
6. BELEID T.O.V. MEERTALIGHEID IN DIE SKOOL....3

TAALBELEID

1. INLEIDING

Hierdie dokument is die taalbeleid van Martie du Plessis Skool en is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

2. FAKTORE IN AG GENEEM

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

3. TAALBELEID

Die taalbeleid van 'n skool bestaan uit twee aspekte:

- Die taal van onderrig (in ons geval Afrikaans en Engels)
- Die tale wat as vak aangebied word (in ons geval Afrikaans, Engels en Sesotho)

4. DIE TAAL VAN ONDERRIG

4.1 Die skool is 'n parallelmediuminstelling. Die tale van onderrig is Afrikaans en Engels van graad R tot graad 12.

4.2 Met betrekking tot die **taal van onderrig** wat Martie du Plessis aanbied, die volgende:

4.2.1 In geval van minderjarige leerders mag die ouers 'n keuse uitoefen t.o.v. die taal van onderrig.

4.2.2 Hierdie keuse van 'n onderrigtaal (Afrikaans/Engels) moet op die aansoekvorm ingevul word.

4.2.3 Om die leerder maksimaal te laat ontwikkel en suksesvol te onderrig moet die leerder die taal van keuse (nl. Afrikaans of Engels) magtig wees, anders word die taalagterstand net nog 'n verdere ekstrinsieke leerstruikelblok.

4.2.4 Indien ‘n aansoek van ‘n leerder vir Afrikaans- of Engelsmedium onderrig ontvang word en daar is plek in die klas, moet die leerder geakkommodeer word.

5. TALE WAT AS VAK AANGEBIED WORD

5.1 **Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele taal**
Volgens die GET-kurrikulum in graad 1 tot 9. In graad 10 tot 12 word dit volgens die FET-kurrikulum aangebied.

5.2 **Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal**
Volgens die GET-kurrikulum in graad 1 tot 9. In graad 10 tot 12 word dit volgens die FET-kurrikulum aangebied.

5.3 **Sesotho Huistaal en Eerste Addisionele Taal (indien daar ‘n behoefte bestaan)**
In graad 10 tot 12 word dit volgens die FET-kurrikulum aangebied. Sesotho Eerste Addisionele Taal kan slegs aangebied word as die personeelvoorsiening dit moontlik maak.

6. BELEID T.O.V. MEERTALIGHEID IN DIE SKOOL

6.1 Martie du Plessis bied drie tale as vak aan, nl. Engels, Afrikaans en Sesotho.

6.2 Leerders wat hierdie tale (of ander tale) magtig is, word toegelaat om dit vryelik op die skoolgronde of in die koshuis te praat. Daar is dus geen beperking op die taal waarmee leerders en/of personeel met mekaar kommunikeer nie.

6.3 ‘n Derde landstaal word nie by die skool aangebied nie aangesien die leerders by die skool reeds groot taalprobleme ondervind en die aanleer van ‘n derde taal dus nie ‘n opsie is nie.